agrioes

oes versekerings-oplossings

Goedgekeurde Finansiële Diensverskaffer

MUTUAL & FEDERAL | agri

ONS BESKERM WAT VIR JOU BELANGRIK IS

'n Lid van die OLDMUTUAL Groep

Jy kan nie op die sukses van jou oes vertrou nie, maar jy kan op Mutual & Federal staatmaak.

By Mutual & Federal Agri sorg ons altyd dat jy gemoedsrus ervaar. Ons oesversekeringsproduk is plooibaar genoeg om aan jou behoeftes te voldoen, dog ferm in die beskerming wat gebied word.

Mutual & Federal Agri bied meer as versekering – ons bied 'n volle begrip van jou besigheid.

agrioes – die voorkeurproduk vir die moderne boer.

Mutual & Federal Agri Oesversekering

Mutual & Federal Agri bied 'n enkel oesversekeringspolis oorhoofs aan met 'n duidelike onderskeid tussen direkte en sistemiese gevare.

Onder die direkte gevare afdeling word dekking verleen teen die volgende risiko's:

- Hael
- Brand
- Transito
- Ryp (voorwaardes geld)

Haeldekking kan teen verskillende vergoedingsopsies uitgeneem word. Hierdie opsies maak dit vir die boer bekostigbaar om oesversekering te bekom na gelang van sy individuele behoeftes.

Skade word bepaal deur professionele onafhanklike taksateurs. Hierdie korps is landwyd beskikbaar vir vinnige en akurate bepalings.

Sistemiese gevare sluit die volgende risiko's in en bied dekking teen die verlies in opbrengsmassa as gevolg van hierdie gebeurlikhede:

- Droogte en oormatige hittegolwe (besproeiingsgewasse uitgesluit)
- Ryp
- Oormaat reën
- Onbeheerbare plantsiektes en peste
- Windskade
- Gevolgskade as gevolg van hael

Bykomend tot die verlies in opbrengsmassa, word verliesse as gevolg van graadafgradering op mielies ook aangebied.

Hierdie afdeling word teen verskeie dekkingsvlakke aangebied weerspieëlend van die risikopeil van die boerdery en die omgewing. Dekking sal aanvaar word op voorwaarde dat beide dekkingsafdelings uitgeneem word.

Met hierdie risiko verskansing verskaf Mutual & Federal Agri genoegsame gemoedsrus en dekking aan die moderne boer teen bekostigbare premies.

Voordele

- 'n Omvattende polis: Een produk, een dokument en een premie vir al jou korttermyn-versekeringsbehoeftes
- Gemoedsrus dat die produk deur 'n maatskappy met formidabele finansiële vermoëns gerugsteun word
- Met kantore regoor die land, is Mutual & Federal 'n toonaangewende korttermyn-versekeringsmaatskappy in Suider-Afrika
- Polisse kan by jou behoeftes aangepas word

Kontak ons

Vir verdere besonderhede kontak asseblief:

Mutual & Federal Agri

Tel: 012 999 9589/9546

Faks: 012 999 9596

Of alternatiewelik kontak jou makelaar of besoek ons webwerf by **www.mf.co.za** vir besonderhede oor die verkoopskantoor wat vir jou die gerieflikste is.

Hierdie brosjure is slegs vir promosiedoeleindes. Die volledige bepalings, voorwaardes en uitsluitings ten opsigte van dekking is vervat in die polisbewoording.

Hierdie produk word onderskryf deur Mutual & Federal Versekeringsmaatskappy Beperk (FDV nr. 12).

Voorraadkode: MF Marketing 013A Weergawe 10/14 W/T: